

VAN STAMVERWANTE BODEM

In ons vaderlandse geskiedenis het die Nederlandse stadje Hoorn, geleë in die noordelike gedeelte van die huidige Nederlandse provinsie Noord-Holland, bekendheid verwerf deur die feit dat daar een van die afdelings (kamers) van die V.O.C. gevestig was. Tewens het die grondlêer van die eertydse Nederlandse handelsryk in die Verre Ooste, J. P. Coen, die stigter van Batavia, 'n deel van sy lewe in Hoorn deurgebring. As 'n middelpunt van veral sewentiende eeuse handel en skeepvaart was Hoorn ook die setelplaas van 'n afdelingsbestuur van die Nederlandse Wes-Indiese handelmaatskappy (W.I.C.), terwyl dit terselfdertyd die setel van die Noordse matskappy (1614-1645) was. Laasgenoemde organisasie het hom toegelê op die vang van walvisse in die Noordelike Yssee. Tewens was in Hoorn 'n gebou van die Admiraliteit van die Nederlandse Republiek terwyl die afgevaardigdes van die sewe stede ten noorde van die IJ (Amsterdam), t.w. Edam, Monikendam, Purmerend, Alkmaar, Hoorn, Enkhuizen en Medemblik, bestuursaangeleenthede in dié pragtige Renaissancegebou te Hoorn bespreek het wat tans die skatte van die Wes-Friese museum huisves. Ons lesers sal onthou dat die provinsiale raad van die gewese Noord-Holland in die dae van die Nederlandse Republiek amptelik bekendgestaan het as die "Staten van Holland en West-Friesland."

Die historiese skoonheid van Hoorn is jare gelede deur J. C. Kerkmeijer beskryf in nr. 10 van die Heemschut-reeks (5e druk, 1946) en onlangs het W. A. Braasem en H. O. J. de Ruyter de Wildt, in samewerking met die drukker-uitgewer K. Korpershoek, hulle beywer om die plaatwerk *Hoornse Herinneringen* (Hoorn 1972), 'n prestige-uitgawe van die drukkerij EDECEA, die lig te laat sien. Die ondertitel van hierdie publikasie lui "Van dingen die voorbij zijn in een oud Zuiderzeestadje". Hierdie uitgawe wil ek graag aanbeveel by hulle wat die skakel tussen ons verlede en die stadje Hoorn soek in afbeeldings (met kort, verklarende tekste) van die volgende monumente: Die "Hoofdtoren" (p.13), die "Oosterkerk" (p.24), "De Zoutkeet" (p.26), die "Oosterpoort" (p.28), ou woonhuise aan die "Italiaanse Zeedijk" (p.36), die "Diaconiehuus" (p.45), die "Statencollege" (p.46), die standbeeld van J. P. Coen (p.58), die Admiraliteitspoortjie (p.63), die stadhuis (p.65), 'n gewelsteen van 'n voormalige V.O.C.-pakhuis (p.75), die afbeeldings van stadspoorte, en 'n woonhuis van 1635 (p.128). Ek vestig die aandag tewens op 'n afbeelding op p.92 waarop die wapen van die Van Roreest-geslag voorkom. Die foto's, en daar is volop, is omstreeks die begin van ons eeu geneem. Intussen het daar reeds weer heelwat van die ou gebou van Hoorn verdwyn.

Die "Historiese Kring De Marne" het, onder voorsitterskap van dr. L. H. Bruins, daartoe oorgegaan om, met betrekking tot hierdie deel van die provinsie Groningen, Nederland, 'n streektidskrif uit te gee. In die voorwoord het laasgenoemde vermeld dat die historiese kennis van 'n bepaalde land en 'n besondere landstreek deur hom as 'n wesentlike bestanddeel van die gesamentlike kultuurbesit beskou word. Hy onderskei verder "werkers in de oude trant en werkers in de nieuwe trant" en skryf in dié verband: "De eerstgenoemden zijn van oordeel, dat de processen, welke in het verleden in de samenleving hebbing plaatsgevonden, veelal te ingewikkeld zijn om ze te kunnen indelen en ontleden. Zij staan dan ook wantrouwend tegenover elke poging om voor het historisch onderzoek regels op te stellen en schema's te ontwerpen. In het algemeen niet uitgaande van een bepaalde vraagstelling, constateren zij feiten, die zij meer beschrijven dan verklaren. Zij hechten dan ook weinig belang aan de geschiedenis te bepaling van de toekomst. Hun vak beoefenen zij zo veel mogelijk als een aparte wetenschap, waaraan zij weinig ontlene aan andere disciplines en bij voorkeur zelfstandig bezig zijn."

In verband met die werkers van die "nuwe trant" merk die skrywer op dat hulle "ons huidige bestel als het resultaat van processen" beskou, "die komende uit het verleden, in de toekomst door gaan werken. Deze processen zijn volgens hen deels controleerbaar en deels ook beïnvloedbaar, voor zover ze in het heden waarneembaar zijn. Van verschillende ontwikkelingen trachten zij modellen te maken met gebruik van technieken, welke in andere takken van wetenschap gangbaar zijn. Een zo verworven kennis zal als een grondpijler moeten dienen bij het opstellen van toekomstplannen voor onze samenleving."

Georges van Raemdonck (1866-1966) het veral in Nederland naam gemaak as 'n tekenaar van politieke spotprente en o.m. gedurende die Eerste Wêreldoorlog

sy kuns in dié besondere rigting beoefen. Karel de Decker het, as nr. 161 van die Vlaamse Toeristiese Biblioteekreeks die beknopte brosjure *Georges van Raemdonck. Ambassadeur van de Vlaamse spotprentkunst in Nederland* geskryf waarin heelwat besonderhede vermeld is aangaande die lewe en werk van hierdie veelsydige Vlaming wat 'n deel van sy lewe in Nederland deurgebring het.

Van die standaardwerk *Verzamelde brieven van Vincent van Gogh* het, ongeveer gelyktydig met die opening van die Rijksmuseum Vincent van Gogh (Amsterdam), 'n nuwe tweedelige uitgawe (vyfde druk) by die uitgewersmaatskappy Wereld-Bibliotheek (Amsterdam-Antwerpen) verskyn. Die jongste, voortreflik versorgde uitgawe, is hoofsaaklik gebaseer op dié van 1953. Aanvullende gegewens is afsonderlik afgedruk en aan die bestaande teks toegevoeg.

Vir die uitgewer beteken hierdie publikasie (p.471, p.405) 'n bekroning omdat hy sy naam en prestige reeds jarelank aan die bekendstelling van Vincent van Gogh en sy broer Theo verbind het. Andersyds dui dit op die steeds voortdurende belangstelling in die kuns van Vincent wie se broer in diens van die N.Z.A.S.M. by die Boeremagte aangesluit en tydens 'n koorsanval 'n einde aan sy lewe gemaak het (Brandfort, April 1900). In "Nederlandse Post" (Kaapstad, Julie 1973) het prof. dr. M. Bokhorst 'n beskouing oor Vincent en sy kuns gepubliseer, terwyl in "Elseviers Magazine" van 21.7.1973 deur Charles Wentinck, soos die hoofredakteur van dié weekblad verklaar het "een poging gedaan" om "de relaties tussen de schilder Vincent van Gogh en zijn familie te ontdeken van een legendevorming, die neerkwam op een ononderbroken verering van de familie voor het miskende genie." Hieruit volg dat die vraagstukke rondom Vincent en sy familie nog nie tot eenstemmigheid gelei het nie. Dit is ongetwyfeld een van die redes wat daartoe sal lei dat die jongste uitgawe van die briewe sowel deur geesdriftige bewonderaars as deur kritici ter hand geneem en noukeurig gelees en herlees sal word. Mag, in bogenoemde verband, albei groepe gebaat wees by die verskyning van 'n voortreflik versorgde publikasie wat ongetwyfeld ook in ons land verwelkom sal word.

In *Bulletin van het Rijksmuseum* (jg. 21, 1973) wy C. H. F. Avery 'n bydrae aan die bekende 17de eeuse Amsterdamse argitek-beeldhouer as vervaardiger van klein bronsbeeldjies, waarvan voorbeelde in die Amsterdamse Rijksmuseum, die Londense Victoria- en Albertmuseum, te Parys, Brunswyk en Delft aanwesig is.

In *Rotterdam* (jg. II, 1973, nr. I) is 'n bydrae (met afb. waarin besonderhede meegedeel word aangaande die lewe en werk van ds. Plancius (Pieter Platevoet) se werk as kartograaf en mede-baanbreker op die gebied van die Nederlandse handelsreise na Oos-Indië, soos gesien deur Bertus Schmidt.

Jan Ploeger